31 Mrt.

Uitgawe 2010/03/31

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ek is die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood. (**Op.1:18**). Hierdie komende naweek sal baie mense van regoor die wêreld die kruisiging en opstanding van Jesus Christus, die Seun van God herdenk. Kom ons reflekteer op die kragtigste verklaring van liefde aan die mens (**Joh. 3:16**), die feit dat ons sonde, donkerste oomblikke en verwyte weggewas is. Dit is ook tyd om die vreugde van God se heil te vier en die absolute wonderwerk om voor die Heilige God te staan as 'n persoon wat totaal rein en skoon is deur die bloed van die Lam. Verklaar die oorwinning van Jesus oor sonde, siekte en enige ander vorm van duisternis. ***Hemelse Vader, baie dankie vir U liefde. Dankie vir die prys wat Jesus betaal het vir die sonde van die hele wêreld. Ons aanvaar U vergifnis en verbly ons in U.***

Deurbraak : Honderde sterf weens vervolging, maar baie aanvaar Christus

Vir die afgelope twee jaar, was Orissa 'n dodelike land vir Christene, want honderde was vermoor op onchristelike maniere. Die oorlewendes ervaar beperkte vryhede en duisende huise is verbrand, en lewensonderhoud was totaal verwoes. Ten spyte hiervan, aanvaar baie mense nog steeds Christus in hul lewens volgens *Gospel for Asia* (GFA). In een area het 40 persone tot redding gekom. (Webruimte: http://www.christiantelegraph.com/issue9197.html, 24/03/10). ***Prys die Here vir nuwe lewe in hierdie area*** (**Joh.12:24**). ***Bid dat elke nuwe gelowige 'n Bybel sal hê en geestelik sal groei. Bid volgens Kol.1:9-12 vir elke nuwe gelowige.***

Bid vir jou gemeenskap : Veiligheid op paaie

Baie mense sal Paasnaweek met hul familie en vriende deurbring. In sommige areas is dit ook skoolvakansie en sal nog vir 2 weke gesluit wees. ***Bid asseblief vir die veiligheid van bestuurders en voetgangers in hierdie tyd. Bid dat mense nie onder die invloed of onverskillig sal bestuur nie. Indien jy naby 'n kruising of pad bly waar baie ongelukke plaasvind, neem asseblief die tyd om hierdie plekke in gebed voor God te bring.***

Suid-Afrika : Onthou die fonteine van herlewing van ouds

Terwyl ons die 150e jaar herdenk sedert die 1860 herlewing in Suid-Afrika, moedig ons mense aan om met hernude erns te bid vir herlewing in ons land. Vanaf 3-12 April nooi ons gelowiges vanuit al daardie dorpe en stede wat oor die afgelope 350 jaar herlewing in Suid-Afrika beleef het om spesiale gebedsinisiatiewe te begin, om God te vra om Hom weer oor ons te ontferm en weer herlewing in hierdie dorpe te gee. Kontak Anneke Hanekom by tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214 of e-pos: info@global24-7.org. (Webwerf: http://www.jwipn.com/daily_prayer_guides/JM%204-2010%20Apr.pdf, 30/03/10). ***Vind 'n groep mense (verkieslik van verskillende denominasies) en beplan om elke dag vir 10 dae lank te bid vir jou dorp/stad. Dank die Here vir Sy groot dade in die verlede en vra Hom om dit weer in jou gemeenskap te doen.*** (**Jes.64:1-5; Ps.85:6**)**. *Lees Handelinge 2:17-21 en bid volgens hierdie verse dat God weer Sy Gees oor jou stad/dorp sal uitstort en die ou bronne van herlewing weer sal oopmaak.***

Internasionaal : Soedan Presidensiële Verkiesing

Soedan se parlimentêre en presidensiële verkiesing vind plaas van 5-12 April 2010. Dit was oorspronklik geskeduleer vir April 2009, maar die verkiesing was uitgestel weens die stryd oor die nasionale sensus. Nog 'n verkiesing sal plaasvind in Suid-Soedan (wat bydra tot 'n derde van die bevolking) om 'n president en lede van die Suid-Soedan parlement te verkies. 'n Skietstilstand is in Februarie 2010 tussen twee rebelle in Darfur area en magte van die regering verklaar om vrede te handhaaf tydens die verkiesing. Soedan is nommer 30 op die ranglys van *Open Doors World Watch List 2010* van die top 50 lande waar Christene die ergste vervolg word. (E-pos: win@win1040.com, 18/03/10). ***Bid vir 'n vreedsame en regverdige verkiesing. Bid dat daar geen korrupsie sal wees met die verkiesingsproses nie. Bid vir geen geweld, teenreaksies of weerwraak van die regerig of rebelle groepe teen mense wat stem of die verkiesingsproses nie. Bid dat die Soedanese sal deelneem sonder geweld en dat die opposisie die uitkoms van die verkiesing sal aanvaar sonder konflik.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com